## VAN DIE SUSTERS

# Oktoberfees

**Die Susters se verkoping vind Saterdag 26 Oktober 2024 plaas**
**Ons begin om 08:30 tot 12:00.**
Die verkopingslyste is in die saal beskikbaar en ons versoek elke wyksuster vriendelik om haar lys te neem en haar wykslede te kontak vir hulp of donasies.

## WIT OLIFANTTAFEL



Liewe Broers en Susters
Soos alom bekend vind ons gemeente se jaarlikse Oktoberfees weer plaas op **Saterdag 26 Oktober**. So, dis nou weer tyd om al die wit olifante in u huis aan te keer. Items kan by die kerksaal afgelewer word by Pieter Bouwsema of op die Vrydag of Saterdag voor die Oktoberfees. Vir Navrae: Flip Mostert

## HAMBURGERBRAAI

**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**NOU VRYDAGAAND**
**20 SEPTEMBER 2024**

Ons kuier gesellig saam by die saal vanaf **16:30**
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

**R 30 per hamburger. Pannekoek R 5 Worsbroodjies R 30**

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 11 en 12 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 30 Sondag 15 September 2024
*REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL* **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net



**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za


**Diensbeurte by eredienste en kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 7 **Tom Chambers** en Wyk 8 **vakant.**
**Diakens:** Wyk 7 **Banie Nortjé** en Wyk 8 **Zurich Terblanche.**
**Skinkbeurt: Wyke 11 & 12. Wyksuster Wymie du Plessis**

## EREDIENSTE

Oggend prof Callie Coetzee, aand Teologiese student Eugene du Plessis

## *Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND:** Ons is dankbaar dat **prof. Callie Coetzee** vanoggend sy preekbeurt kan waarneem en bid hom die ryke seën van die Here op die Woordbediening toe. Ons is baie dankbaar dat ons deur die mooi gawes wat die Here aan prof. Callie gegee het, opgebou mag word. Ds. Jannes neem hierdie naweek sy kwartaallikse verlofnaweek.
**Vooraf sang**: Psalm 33: 1, 2. **Skriflesing:** Filippense 4
**Sang tydens die diens:** Psalm 89:3, 7; Psalm 38:1, 8; Psalm 89:6; Ps 145:1, 10.
**Sang na die afkondigings:** Ps 27:3, 6. .

**AAND:** Ons verwelkom teologiese student **Eugene du Plessis** wat ons vanaand in die erediens sal voorgaan. Ons bid hom die ryke seën van die Here toe – ook op sy studies aan die Teologiese Skool.
**Woordbediening:** Romeine 6:1-14 (AFR'83).
**Fokusverse:** Romeine 6:11 & 13.
**Belydenis:** Heidelbergse Kategismus, Sondag 16, V&A 43.
**Sing:** Psalm 100:1, 2, 3, 4; Psalm 34:1, 2, 3, 4; Psalm 119:7; Psalm 103:1, 2, 3. .

**KOLLEKTES VANOGGEND:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir die ***Bystandsfonds vir Diakonieë SDDS***

**VANAAND:** ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Volgende week se spesiale kollekte is vir die ***Uitdra van Evangelie*****)**

Hierdie ***Op die Kerkwerf*** is die laaste van hierdie kwartaal.
Die volgende ***Op die Kerkwerf*** verskyn weer op
**Sondag 6 Oktober 2024.**

# LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

## MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met **Marie de Wet** (Huis Eikelaan, toringblok 406) wie se broer Woensdagnag oorlede is nadat hy enkele maande gelede met kanker gediagnoseer is. Dit is ons bede dat ons hemelse Vader vir Marie en haar dierbares in sy liefde en genade ryklik sal vertroos.

## VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons verseker **Magda Pelser-van der Merwe** en ook **Theo** en **Ina** van ons voorbidding vir hulle. Magda se gesondheid is die afgelope tyd onder geweldige druk. Mag ons Here vir u uitkoms skenk!

Ons volhard in ons voorbidding vir **Koos en Susan Nortjé** Susan se gesondheid bly ook onder druk. Mag ons hemelse Vader in sy troue liefde u elke dag met nuwe krag versterk om tot sy eer te volhard.

**Blanche du Plessis** het die afgelope week geval en haar pols gebreek. Sy verduur baie pyn en die moontlikheid van ‘n operasie is nie uitgesluit nie. Ons verseker haar en Lourens van ons voorbidding.

## DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en deel in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het:

**Suzie Marais** is Sondag uit Medikliniek ontslaan nadat sy ’n heupvervangingsprosedure ondergaan het, en sy sterk fluks aan. Sy het Dinsdag ’n opvolgafspraak met die ortopediese chirurg en ook, met die oog op verdere rehabilitasie, met die fisioterapeut. Ons verseker haar en Karel van ons volgehoue voorbidding.



## VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

## HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. **Loffie & Tillie Eloff** is Woensdag **18 September 41 jaar** getroud. Ook **Hennie en Magda Viljoen** is **5 Oktober** 33 jaar getroud. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak | | | | |
| Di | 17/09 | 15:00 | Bybelstudie- Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 18/09 | 18:00 | Bybelstudie-Matteus, Studie 6 | **Konsistorie** |
| Vr | 20/09 | 17:30 | Gemeente-aand en hamburgerbraai en pannekoek | **Kerkterrein** |

| **KATKISASIE** | **Sondag 15 September** | **Sondag 6 Oktober** |
|---|---|---|
| **Lesrooster:** | Les 22 | Les 23 |
| **Psalmvers:** | Skrifberym.1-3: 1 r 1-4 | Skrifberym. 1-3: 1 r. 5 - 8 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 48 | Sondag 49 |
| **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)** | Eksodus 20: 11 | Eksodus 20: 12 |
| **Katkisasie toesig (ouderlinge):** | Graad 5 & 6: Wyk 7<br>Graad 7: Wyk 8 | Graad 1 & 2: Wyk 13<br>Graad 3 & 4: Wyk 14 |
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 16 | Les 17 |

• Baie dankie aan **Koos Nortjé** wat vandag vir ds. Jannes instaan en die hoërskoolkatkisasie waarneem.

• Skrifberyming 1-3 word op die melodie van Lied 353 (“Die Heiland is gebore”) gesing.

**ALMANAKKE VIR 2025** kan bestel word by Pieter of Malie. Koste is R130 elk.

**BYBELSTUDIES**

**– HUIS EIKELAAN DINSDAG OM 15:00**

Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal is welkom. TEMA: *Die leer oor die Heilige Gees.*

**– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE**

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament",* word behandel. Studie 6 uit die Matteusevangelie.

**ATTESTAAT ONTVANG:**

**Jurinda van Schalkwyk** se attestaat vanaf GK Die Bult is verlede Sondag afgekondig. Sy is woonagtig in Wag-'n-Bietjie dames-koshuis en word geplaas in **wyk 4** by ouderling Gideon Wentink en diaken Coetzer Stoop en wyksuster Elsa Reinecke.

**DIE KERLIKE TYDSKRIFTE** is beskikbaar in die saal.

**KARWAGTE:** Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte in die houtbussies by die deure.

## UIT DIE PASTORIE

Broers en Susters

Ons het so 'n tydjie gelede (Vrydag 6/09) 'n opvolgafspraak met Suhanli se neuroloog gehad. As gevolg van die fisiologie van haar brein (kortikale migrasiefoute, twee sists en nog ander fisiologiese abnormaliteit) ly sy aan 'n baie seldsame soort epilepsie. Die behandelingsopsies is die volgende:

- Chirurgie, het ons weer bevestig, is nie 'n moontlikheid nie as gevolg van die hoë risiko.
- Daar is 'n opsie om 'n elektroniese toestel (soortgelyk aan 'n pasaangeër vir kardiologiese pasiënte) in te plant. Hoe langer pasiënte die toestel dra, hoe meer effektief word dit (optimaal – 7 jaar ná inplanting). Ongelukkig betaal die mediese fonds net 30% van die koste wat dit nie haalbaar maak nie.
- Die medikasie wat sy ontvang, gee maar net verligting – haar toestand is superrefraktories (dit bring glad nie die epilepsie onder beheer nie). Ons is egter die Here dankbaar dat een van die medisynes wat vanaf Engeland ingevoer moes word, nou teen 'n fraksie van die koste generies in Suid-Afrika beskikbaar is. Dit is egter nog in 'n toetsfase en motiveringsbriewe moet ingedien word.



By dit het die neurloog bevestig dat sy Aspergers se siekte het (dus, hoogfunksionerende outisme). Mense met Aspergers is dikwels hoogs begaafd, maar word maklik verkeerd opgeneem. Die feit dat sy fokale epilepsie het wat in die temporale lob sy oorsprong het, affekteer dit haar emosies nog meer. Dit word dan 'n bose kringloop.

Ons vra in hierdie verband u begrip – ook wanneer ons soms by geleentheid vroeër moet vertrek by geleenthede, of as net een van ons (Yolandé of ekself) 'n geleentheid sou bywoon. In uitsonderlike gevalle sal ons betyds verskoning maak as ons gladnie teenwoordig kan wees nie. Om 'n kykie in ons leefwêreld te kry, is u welkom om die videolesings van dr. Tony Attwood oor die onderwerp op Youtube te volg (die neuroloog het dit vir ons aanbeveel). Ons sal graag ook artikels wat gemaklik lees, maar tog feitelik korrek is, met u deel – vra gerus.

As gevolg van al hierdie dinge het ons vir vanjaar vrystelling van skoolpligtigheid ontvang (sy sou vanjaar in graad 1 wees). Ongelukkig sal sy nie in 'n hoofstroomskool kan inskakel nie, en met die leiding van 'n opvoedkundige sielkundige hoop ons om haar DV van 2025 by 'n tutorsentrum in te skryf waar sy met haar skoolloopbaan kan begin. Dit sal sy eie, unieke uitdagings bring, maar ons weet dat die Here wat ons tot hiertoe gedra, lei en help het, dit in die toekoms ook sal doen.

Dankie vir u begrip en ondersteuning. Dit is vir ons – in die volle sin van die idioom – 'n riem onder die hart!

*Jannes en Yolandé.*

# DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: G**ereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** )

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

# VERJAARDAE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie vakansie hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| **Mo** | 16/09 | **Sybrand van der Merwe,**. Wyk 8 |
| **Di** | 17/09 | **Jeanette Fourie (86),**. Wyk 14 |
| | | **Emma Jooste (5).** Wyk 4 |
| | | **Rudy van der Spoel (83),**. Wyk 6 |
| **Wo** | 18/09 | **Gerda Bouwsema,**. Wyk 7 |
| | | **Elsa Reinecke**Wyk 13 |
| | | **Hein Schaaf, (1),** Wyk 10 |
| **Sa** | 21/09 | **Dolene Venter (83),**. Wyk 8 |
| **So** | 22/09 | **Rieks Oosthuizen,**. Wyk 11 |
| | | **Yolandé van Dyk,**. Wyk 2 |
| **Ma** | 23/09 | **Suzie Kleyn,**. Wyk 11 |
| | | **Sarie Spaumer,**. Wyk 9 |
| **Wo** | 25/09 | **Alta Pretorius,**. Wyk 1 |
| **Do** | 26/09 | **Frans Coetzee,**. Wyk 3 |
| **Vr** | 27/09 | **Jesse Niemand,**. Wyk 7 |
| | | **Christa van Jaarsveld,**. Wyk 5 |
| **Ma** | 29/09 | **Japie van Jaarsveld,**. Wyk 5 |
| **Di** | 30/09 | **Erick Reynecke,**. Wyk 5 |
| **Do** | 03/10 | **Dala Jooste, (8).** Wyk 4 |
| **Sa** | 05/10 | **Magda Pelser-van der Merwe**. Wyk 5 |
| | | **Rudi Serfontein,** 083 260 4608. Wyk 4 |

**Bede met meelewing:** Psalm 27: 3 en 6.



# Deputate Gereformeerde Publikasies

**Deputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Deputies Of the Reformed Churches in South Africa WWW. CJBF.CO.ZA** ✉ Molenstraat 62, Potchefstroom 2531 ✉ 62 Molen Street, Potchefstroom 2531 ☎ +27(0)18-297-3986 ☎ +27(0)18-297-3986 🖷 +27(0)18-293-1042 🖷 +27(0)18-293-1042

11 September 2024

Geagte Kerkraad,

## I/S: BEHOEFTEBEPALING: MOONTLIKE GROOTDRUK PSALMBOEK

Daar het 'n versoek tot die Deputate Gereformeerde Publikasies (Totiusfonds) gekom om die moontlikheid van die druk van 'n **grootdruk** Psalmboek te ondersoek. Dit is die groen Psalmboek, net in groter lettertipe. Aangesien so 'n Psalmboek nie in Suid-Afrika gedruk kan word nie – die dun papier is nie plaaslik beskikbaar nie – sal dit nodig wees om dit in die buiteland te laat druk. Die aantal kopieë wat gedruk word het 'n groot invloed op die drukkoste daarvan, daarom is dit noodsaaklik dat ons die behoefte daarvoor deeglik verstaan.

Die deputate wil dus graag die gemeentes versoek om in elke gemeente 'n behoeftebepaling te doen sodat ons 'n idee kan kry van die oplaag wat ons sal moet druk om in die totale behoefte te voorsien. Ons sal uiteraard 'n aantal ekstra druk om in toekomstige behoeftes te voorsien.

Dit sal opreg waardeer word indien u so gou moontlik vir die deputate die behoefte in u gemeente sal deurgee aan die volgende e-posadres: wjswanepoel@gmail.com.

By voorbaat baie dankie. Ons hoor graag van u.

Met hartlike groete,

| | |
|---|---|
| Ds. MH le Roux | Br WJ Swanepoel |
| Voorsitter | Skriba |

# KERKLIKE ADMINISTRASIE

## Beroepe aanvaar

- Ds P (Philip) Hattingh van GK Bloemhof/Christiana na GK Naboomspruit
- Ds FR (Franscois) Pretorius van GK Phalaborwa na GK Middelburg, Mpumalanga
- Ds PW (Wouter) Smit van GK Vereeniging na GK Amanzimtoti

## Beroepe bedank

- Ds FR (Franscois) Pretorius van GK Phalaborwa na GK Vryheid